# HET ONS KERK-WEES IN STRUKTURE GESTOL?

*Bouke Spoelstra*

Die kerk plaas ons in die grond van sy bestaan as liggaam waarvan Christus Hoof is, voor 'n misterie. Hoewel die Skrif soms na die kerk in betreklik gelykblywende of statiese beelde verwys (tempel, gebou), is die dominerende profiel dié van 'n lewende organisme, 'n koinonia van mense (Spoelstra 1978 : 23—35). Die liggaam van Christus het natuurlik "n institusionele aspek, ruggraat of torso wat in die ingestelde dienste (ampte) *gegee* is (1 Kor 12 : 28, Ef 4 : 11v). Dit gee egter geen reg om van die kerk dualisties in terme van organisme en instituut of as dinamies en staties te praat nie.

## Probleemstelling

Daar word vandag toenemend van die kerk in die enkelvoud gepraat wat soos 'n regspersoon konkreet sigbaar handelend optree. In werklikheid ken die moderne mens *baie* kerke. Die feit word in weinig uitsprake oor die kerk se in die wêreld wees hanteer, behalwe wanneer aangedring word op organisatoriese kerkvereniging. Die begrip "kerk" in die enkelvoud moet gevolglik vandag óf 'n substratum, 'n idee of abstraksie ten opsigte van die werklikheid van baie kerke aandui óf die moet wys op 'n "eie kerk" asof dit alleen "kerk" is. Hierdie verwarrende gebruik van die woord "kerk" in ons teologies geskoolde 20ste eeu staan in skril kontras met die universele Christelike belydenis in die Apostolicum: "Ek glo aan een heilige katolieke Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges".

Ons aanvaar en praat van baie *kerke*. Ons glo en bely egter net een kerk *(kuriake,* van die *kurios,* Christus). Iets klop nie. Óf ons het Christus se kerk verskeur (soos baie mense betoog), óf ons noem dinge "kerke" wat nie werklik kerke is nie, óf ons gee ons nie rekenskap van wat die kerk presies is nie.

Wanneer vandag so maklik van "die kerk" in die enkelvoud gepraat word, word daarmee nie die kerk van die Apostolicum bedoel nie. Omdat talle glo dat die kerk van die Apostolicum ook organisatories in die wêreld gekonkretiseer moet word (soos Rome betoog het), stuit hulle teen die "sondige verdeeldheid" in die kerke-werklikheid veral wanneer dit binne eie volk of eie land voorkom. Daar word na 'n eenheid in 'n "wêreldkerk" (soos die WRK in Nederland veelal genoem word) op ekumeniese vlak gestrewe.

Stol die lewende kerk van die Here nie dikwels in hierdie lokale, nasionale en ekumeniese strukture nie? Verabsoluteer ons nie struktuur nie omdat ons nie die dinamiese wesenlike kerk-wees kan verdiskonteer nie? Herstel en bied strukture werklik daardie eenheid wat die kerk is? (Ek praat-opsetlik nie van "eenheid van die kerk", 'n aspek van kerk nie). Kan struktuurdwang op een institusionele volkskerk of ekumeniese wêreldkerk die liggaam van Christus ooit realiseer? In watter verhouding staan dié superstrukture tot die plaaslike kerke en individuele gelowiges wat die kerk is? Hoe word die gesagsverhouding bepaal? Dit staan tog onomstootbaar vas dat Christus net een liggaam het en dat die kerk een

is, of ons nou al baie gemeentes of baie vorme van kerkgroeperinge het, of nie. Die bepalende vraag om kerk te wees, is tog die vraag na die verhouding waarin die gemeente (die mense) tot Christus die Hoof van die liggaam staan.

## Verwarring

Oral in die wêreld begin teoloë vra dat daar besin moet word oor wat die kerk werklik is. Hoe kan daar na 20 eeue van geloofs- en teologiese arbeid oor so 'n basiese vraag onduidelikheid wees? Daar het gedurende die eerste 15 eeue oor die vraag miskien geen onduidelikheid bestaan nie, omdat daar baie sterk vanuit die koningskap van God met die vertikale dimensie en relasie tot die liggaam van Christus gereken is. Die sekulariserende invloed uit die Renaissance met strominge soos humanisme, rasionalisme en liberalisme het egter dié kerkbegrip verwoes.

Jare gelede het J H van Wyk aangetoon dat daar maklik 'n tiental totaal verskillende betekenisse met die woord "kerk" onder mense in omloop is. Hy tipeer daarin die "statiese" of "hiperstatiese" kerkbegrip as die "flagrantste en vulgêrste", soos wanneer gesê word "ons gaan kerk toe", "ons gaan kerk bou", "die kerk en sy mense" (vandag hoor ons van "die kerk en sy lidmate"). Hy sê dat "kerk" hier 'n Platoniese idee of denkabstraksie aandui (Van Wyk 1968 : 12). So 'n kerk bestaan natuurlik objektief, buite die mense, dood, staties, behalwe die kom en gaan van "lidmate".

Die opvatting dat die kerk 'n objektiewe realiteit (instituut), 'n "iets" op homself, 'n menslose "ding" is, loer om die hoek wanneer Heyns sê: Die kerk is nie oral waar sy lidmate is nie (Heyns 1977 : 24). Wat is die kerk en waar is die kerk as die kerk nie mense is nie? Die Skrif dui met *ekklesia* en die Konfessie met *vergadering van gelowiges* (NGB 27, 28; Heid. Kat 21) tog onbetwisbaar duidelik aan dat die kerk *mense* is en nie 'n geobjektiveerde struktuur nie.

Die Rasionalisme van die 18de eeu (Rousseau: 1 'Contrat Social), Kuyper se filosofie van soewereiniteit in eie kring en die Wysbegeerte van die Wetsidee het die kerkbegrip onder neo-calviniste in Nederland gesekulariseer en verhorisontaliseer. Die kerk word gedefineer as "gemeenschapskring waarin mensen samenleven en samen handelend optreden", 'n bepaalde vereniging of "corporatie van gewone structuur, zoals er vele waren" (Nauta 1971 : 7, 9). In die literatuur word "kerk" veelvuldig net so langs huisgesin, skool, vereniging of staat gestel. Die "kerk" word beskou as een van talle samelewingsverbande wat óf in 'n blote liturgiese funksie stol óf ook saam met ander samelewingsverbande "samen handelend optreden". In die GKN vind dit ook plaas in samelewingsaktiwiteite van neo-marxistiese, ANC en UDF organisasies. Die sekulêre kerkbegrip lei noodwendig na sekulêre, horisontale, sosiale en selektiewe morele dinamika. Dit is daarom in wese rewolusionêr omdat die wese van kerk-wees verlore geraak het. 'n "Kerk" as "samelewingskring" verkry vaste statiese vorm en ken geen spanning om aan transendente waarde-norme te beantwoord om waarlik kerk van Christus te wees nie. So 'n "kerk" stol in sy gearriveerdheid. Dit het

gebeur met talle staats- en staatsbevoorregte sogenaamde "kerke" (kerkgenootskappe).

Abraham Kuyper wou hom met alle mag losmaak van invloede wat die gees van die 18 de eeu op teologiese-kerklike gebied gehad het. Hy (net soos die Afgeskeidenes onder H de Cock in 1834) was egter ook kinders van die 19 de eeu en as sodanig onbewustelik slagoffers van die idee in die Algemene Reglement van Koning Willem I vir die bestuur van die Nederlandse Hervormde Kerk in 1816. Die Reglement het op sterkte van die 18de eeuse rasionalisme en verenigingsreg baie sterk van die kerksentriese idee uitgegaan dat daar 'n "kerkgenootskap" deur reglemente gekonstitueer word. Hoewel Kuyper enersyds die idee van die plaaslike kerk as sy vertrekpunt neem (Kuyper 1883 : 47), aanvaar hy met "kerk" tog ondubbelsinnig 'n struktuur of kollegium as uitgangspunt. Hy is diep onder indruk van 'n "kerkformeerende kracht" (1883 : 31) om by die *kerk* uit te kom. Hy mag inhoudelik die aksente anders lê, maar daarmee het hy net soos die Reglement van 1816 *kerk* as vertrekpunt vir sy ekklesiologie geneem. By die Christelik Gereformeerde Kerk van Nederland bly die idee van die *kerk* as landswye struktuur nog sterker voortlewe.

Pont merk op dat ons ekklesiologie op die gebied van kerkregering eerder ekklesiologies (kerksentries) as Christologies uitgebou is (Pont 1983 : 106). Dit lyk asof die gees van die 18de eeu in sy fiksering op die kerk as struktuur in Europa en Amerika wyd getref het.

Teen hierdie agtergrond het Kuyper toe verder die kerk in terme van die kategorië van organisme en instituut beskrywe. Die kerk is "eenerzijds een groei" waarby die dinamiek tot die organisme behoort, maar "anderzijds een bouw", 'n *forma institutionis* wat aan die kenmerke van 'n instituut beantwoord en daarom 'n statiese karakter dra. Hierdie "zelfstandige organisatie" verleen aan die kerk sy identiteit (Kuyper sa: 26 v, 120, 132).

Hierdie denkskema waarin Kuyper op eg rasionalistiese wyse die kerk nie as fenomeen op homself nie, maar in terme van neergelegde kategorië van organisme en instituut beskryf, veroorsaak dat plotseling 'n abstrakte kerk as instituut objektief teenoor die kerk as organisme van gelowiges gestel word. Die basis (kerkreglement of kerkorde, Belydenisskrifte en Formuliere) wat die kerk konstitueer, is staties objektief. Dit bepaal die wese van die instituut los en onafhanklik van die organisme of die mense wat in Bybelse sin die kerk is. So kan jy 'n "ware kerk" kry wat aan art 29 NGB beantwoord sonder om na die mense te vra. Mense kan hulle by die objektiewe instituut voeg of daarvan onttrek.

In Hervormde geledere het A. D. Pont lankal erken dat die kerksentriese vertrekpunt van die kollegialisme skadelik ingewerk het en tans nog invloed uitoefen (Pont 1964 : 36; 1982 : 106, 107).

Teoloë in Ned. Geref. en Geref. kringe neem dikwels ernstig aanstoot wanneer hulle op die invloed van kollegialisme gewys word. Tog kan dit aangetoon word. Wanneer *Die Kerkbode* van 23 Junie 1982 sommer lukraak opgetel word, worstel P F Theron op die eerste

bladsy met die vraag "waarom ons nie een Ned. Geref. Kerk is nie" en nie "in een kerk georganiseer" is nie, sodat hy stuit teen die "pynlike sigbare bewys van ons verdeeldheid ... en gebrek aan organisatoriese eenheid". Op die vierde bladsy opereer D C G Fourie met begrippe "Moederkerk en Dogterkerke". Hy ontken dat die vereistes vir "NG lidmaatskap" beperk kan word tot "geloof in Christus" omdat dit vir 216 jaar vir almal oop was, maar die "beleid" nie die "toets van die tyd" kon deurstaan nie. Mense wat by "Dogtersgemeentes" behoort, moet op hierdie "beleidstandpunt" van die "NG Kerk" gewys word. Hierdie kerk is dus iets soos 'n party of vereniging wat sy eie karakterbepalende "beleid" het (Kleynhans 1985 : 160).

Hoewel die twee skrywers teenoor mekaar staan, aanvaar beide 'n objektiewe struktuur in die enkelvoud as regspersoon wat sy eie "beleid" vir "lidmaatskap" aan hom as sodanig neerlê. Fourie stel dit selfs los van geloof in Christus wat die liggaam van Christus bepaal. Die begrippe Moeder- en Dogterkerke dui daarop dat die struktuur of institusionele "ding" homself in meervoude van derglike strukture voortplant. Ek glo nie iemand kan hier iets anders in lees as dat die NGK iets vir mense maar nie die mense self is nie. Uiteraard het die struktuur 'n vaste, statiese karakter soos 'n vereniging of party wat deur sy "beleid" bepaal word.

'n Volgende voorbeeld van kerksentriese kollegialistiese kerkbegrip vind ek in die Geref.. Sinode van Potchefstroom 1869 wat die omstrede en gewraakte besluit geneem het wat die Ned. Herv Kerk in die ZAR 'n "valse kerk" noem. Die Chr. Geref. Kerk het in hulle akte van Afskeiding in 1834 so 'n verklaring oor die Herv. Kerk in Nederland gedoen en toe met die oog op kerklike betrekkinge aangedring dat die Geref. Sinode dieselfde doen.

Dit spreek vanself dat die Gereformeerdes van 1869 *nooit* die Hervormde mense 'n "valse" kerk wou noem nie. Dus word gepoog om die Hervormde Kerk as 'n formele menslose struktuur ('n kollegium) vals te noem, sodat 'n ander formele struktuur vir die Gereformeerdes bestaansreg kon verkry. Gedurende die "vrymaking" van die "sinodale" GKN in Nederland gedurende 1944 herhaal dieselfde gimnastiek met ware en valse kerk hom.

"Kerk" word duidelik in abstrakte sin as struktuur, vorm of instituut (plaaslik of as "kerkverband") verstaan wat op sigself holus bolus waar of vals is. 'n Kerk (of liewer "kerkverband") is dus soos 'n motorkar wat padwaardig is of afgeskryf moet word indien dit 'n paar kruisies op die kaart van die padwaardigheidsinspekteur kry. Hierdie formele strukturele kerkbegrip is volkome mensloos. Die "kerk" moet staties waar of staties vals wees. Hierdie konstruksies is tipiese produkte van die rasionalisme en kollegialisme van die 19de eeu. Dit dui op die verwarring waarin die kerkbegrip geraak het.

Die kenmerke van die ware kerk volgens art. 29 NGB by Guido de Bres is regstreeks verwant aan Calvyn se Institusie (IV. 1. 10—12). Beide De Bres en Calvyn in Genéve het nie die "kerk" as 'n sinodale struktuur van gemeentes (of "kerkverband") geken nie.

Die plasing van art. 29 NGB tussen art. 28 en 30 en Calvyn se bespreking van die kenmerke van die ware kerk, dui aan dat die kenmerke op die mense wat rondom prediking en sakramente saamkom van toepassing is. In Art. 29 NGB som De Bres die kenmerke immers op met: "Kort gesê as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp . . ." wat duidelik op die dinamiese kerk-wees van voorgangers en gelowiges slaan. Die kenmerke van prediking en glo daarvan, sakramente bedien en ontvang, dissipline op diegene wat Christus as Hoof verwerp, kan slegs plaaslik beoordeel word. Dit is dus moontlik dat binne dieselfde "kerkverband" een gemeente die beeld van die ware en 'n ander die van die valse kerk vertoon (Spoelstra 1978 : 26; 1984 b : 25).

Ware kerk-wees word nie ontleen aan statiese strukture nie, maar kom na vore in die dinamiese antwoord wat mense in hulle belydenis op die Woord van God gee en in die aktiewe lewe en werke wat hulle onder die heerskappy van God deur sy Woord en Gees doen (Spoelstra 1984 b : 27). Die nadruk van Hervormde kant dat die aksent op *belydende* in plaas van *belydenis*-kerk moet val, sluit aan by die dinamiese karakter van kerk-wees.

Wanneer die uitgangspunt op kerksentriese wyse van die gemeente na 'n objektiewe kerkstruktuur verskuiwe, veroorsaak dit veral vanaf die 19de eeu repeterende breuke onder protestante (Presbiteriane, en Hervormdes en Gereformeerdes). Wie die vaste, statiese en formele instituut as norm neem, dring gewoonlik op sterkte daarvan aan op *eenvormigheid.* Dit kan geen afwyking in die vormlike (gewoonlik kerkorde of sinodebesluite genoem) verdra of verwerk nie, al het die geloofsinhoud nie in gedrang gekom nie. Hiervan is die besluit van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk op 11 Januarie 1859 (en dié van Ring van Graaff-Reinet 1841 en die Kaapse Sinode 1846) oor die Gesange 'n duidelike voorbeeld. Wanneer Postma voorstel dat die opgee van Gesange by eredienste aan die vryheid en oordeel van elke predikant oorgelaat word om skeuring te vermy, besluit die Algemene Vergadering dat "de kerklijke inrichting ,zoals die thans hier bestaat met hare evangelische gezangen, zal blijven bestaan en gehandhaafd worden". Die gedagte is klaarblyklik dat een kerkstruktuur eenvormigheid m b t Gesange vereis omdat die struktuur sy wese aan sy "inrichting" (en nie aan die liggaam van Christus nie) ontleen.

Daarteenoor kom bloot fenomenologies beskou tog 'n ander aksent uit die blote werklikheid van kerk-wees op. Dit tree by talle afskeidings van gemeentes van die Ned. Geref. Kerk in veral die vorige eeu ook aan die dag (Spoelstra 1984 c : 33). Plaaslike afskeidings vind plaas om 'n *ander bediening* te verkry en nie om by ander *struktuur* of *"kerk"* aan te sluit nie. Dieselfde gebeur by die afskeiding van die Gereformeerdes van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg op 11 Februarie 1859 (Spoelstra 1984 a : 5). Die probleem het saamgetrek op die vraag hoe die ontevredens *bedien* moes word. Dit het immers sedert 1853 die aandag van die Volksraad, Ned. Herv. kerkvergaderings en Uitvoerende Raad geniet en was teen die einde van 1858 feitlik opgelos (Spoelstra 1982 c : 158, 156 e v). In die dokumen-

te val al die nadruk op die aard en kwaliteit van die bediening wat hulle begeer het. Dit gaan glad nie oor bedanking van een struktuur (Herv Kerk) om by 'n ander "kerkverband" byvoorbeeld die Christelik Geref. Kerk van Postma, aan te sluit nie.

Hoe wyd die verwarring oor die kerkbegrip strek, blyk uit die gebruik van die woord "kerk" in woord en geskrif. In 'n uitdrukking soos "wat die kerk vandag vir sy lidmate sê" verplaas die woord "kerk" eintlik Christus of God as die Koning wat met sy volk praat. In elk geval kan "kerk" hier glad nie gelowiges (lidmate) beteken nie. In uitdrukkings soos die "kerk se prediking" (of kategese, of taak) verplaas "kerk" weer die predikant wat preek of iemand anders. Op 'n dag het my seun van die skool gekom met 'n pamflet wat die jeug oproep tot "diens aan Christus en sy kerk". Die instituut "kerk" troon in hierdie uitdrukking verhewe soos 'n koningin naas Christus, terwyl die Bybel leer dat die kerk (waarvan die jeug deel is) Christus die Here alleen moet dien. Hoe maklik word geldelike gifte aan die "kerk" nie as direkte gawes aan die Here bestempel nie, asof die kerk die Here is. Die neiging om "kerk" te verabsoluteer kom sterk na vore. Kerksentrisme is kerklike selfdiens.

## Besinning oor wat die kerk is

Wanneer Hans Küng oor *Die Kirche* besin, gaan hy nie kerksentries van die Roomse instituut uit nie, maar die universele kerk as die liggaam van Christus. Hy fundeer sy kerkbegrip tereg in die tema van Jesus se prediking, naamlik die koms van die koninkryk van God (Küng 1973 : 43v). Net soos die Reformatore is die "new people of God" vir hom die "fundamental structure of the church" (Küng 1973 : 107—282). Kragtens hulle kerk-wees deel die volk van God in die dimensies van eenheid, katolisiteit, heiligheid en apostolisiteit. Hy vra: "Could Christians, could Christian Churches not agree on these four fundamental dimensions of the Church? Would a basic consensus not be possible . . .? (Küng 1973 : 359). Die kerk is vir Küng mense, "Christians", maar hy moet homself in die rede val met "Christian Churches" (strukture) omdat wat sinoniem moes wees dit nie meer is nie.

Wyle prof W J Snyman het sy lewe lank eksegeties oor die *ekklesia* in die NT besin. Skynbaar het iets hom bly ontwyk, moontlik omdat hy net te kerksentries of struktureel oor die eenheid van die kerk m b t ekumenisiteit gedink het (Snyman 1966 d,e). Hy het egter bo twyfel vasgestel dat die *ekklesia* in die NT in universele of in lokale sin altyd 'n vergadering van gelowiges is. Eersgenoemde bepaal laasgenoemde sodat die gemeente die universele kerk, die liggaam van Christus op daardie plek is (Snyman 1977 : 45, 78; 1966 a, b). Die kerk is mense, volk van God (Coetzee 1965). Die universele kerk tree so na vore in die gemeente rondom die bediening van die genademiddelle deur die kerkvergaderende werk van die Heilige Gees (Calvyn Institusie: IV. 1.10—12).

Küng fundeer sy kerkbegrip tereg in die koninkryk van God (Küng 1973 : B). Daarin sluit hy aan by Calvyn wat die kerk tipeer as die ryk van Christus waar Hy deur sy Woord regeer (Institusie IV. 2.4). Christus het immers oorwegend die koninkryk van God gepro-

klameer en slegs in Matt. 16 en 18 na die kerk verwys. Loisy het gevolglik (Ridderbos 1950 : 291) opgemerk dat Christus die koninkryk verkondig het en toe omskep sy dissipels dit in die kerk. Die "kerk" kan in kerksentrisme die "koninkryk" verdring.

Dit lyk asof die stelling van Loisy in ons tyd baie waar is. 'n Mens hoor immers hier en daar van die koninkryk in 'n gebed of so, terwyl oorweldigend van "kerk" gepraat word. Pont kon dus met reg opmerk dat die na-Reformatoriese besinning eerder ekklesiologies as Christologies bepaald is (1982 : 106). Hierin lê 'n groot opgawe vir ons kontemporêre teologie om die kerksentriese vertrekpunt krities te bekyk.

Ridderbos het in sy indringende studie (1950) aangetoon dat Jesus se prediking oor die *basileia* geen grond verleen om "in de eerste plaats te denken aan een ruimtelijke of statische grootheid, die als een compleet geheel in beweging is . . ., doch veelmeer aan de goddelijke koningheerschappij, die actueel en effectief in werking treedt, aldus aan het goddelijk *handelen* als Koning" (Ridderbos 1950 : 41). Waar mense hierdie dinamiese heerskappy (koninkryk) gehoorsaam, word die koninkryk werklikheid en waar mense hierdie heerskappy weerstaan, is die koninkryk nie teenwoordig nie. Die kerk as volk van God leef dus onder die voortdurende dinamiek van die koninkryk wat gekom het en besig is om te kom. Die indikatief van God se genade in sy koninkryk stel die kerk ook voortdurend onder die imperatief om die heerskappy van God te soek. Die kerk leef onder die imperatief waarmee Johannes die Doper na die ou Verbondsvolk gekom het: Bekeer julle en glo die evangelie, dws word steeds meer kerk.

Die vraag is of hierdie aktuele en dinamiese dimensie van kerkwees in ons wêreld met sy kerksentriese eerder as teosentriese benadering genoegsaam aan die lig kom. Beskou baie mense nie die kerk as 'n instituut waarin die koninkryk ipso facto opgesluit is nie? Openbaar ons kerk-wees en kerk-doen nie in baie opsigte 'n statiese ewewig, 'n patroon van gearriveerdheid, waarin ons meer bekommerd is of "lidmate" en "predikante" kerklike besluite of "beleid" goed nakom in plaas van om te worstel met die vraag hoe die heerskappy (koninkryk) van God tot sy reg moet kom? Wat staan in ons opset vir die gewone gelowige fenomenologies voorop: die koninkryk van God of die koninkryk van die struktuur "kerk"?

Besinning oor die kerk bring Küng en Calvyn saam by die wonderlike feit dat die kerk altyd mense, gemeenskap van gelowiges, volk van God is (1 Pet 2 : 9, 10). Die Here regeer oor sy volk deur sy Woord en Gees en roep hulle daarmee op om te antwoord met geloof, liefde en werke. Die werklikheid laat geen opening om die kerk as 'n abstraksie, 'n idee, 'n struktuur, 'n instituut, 'n regspersoon in eie reg te beskou nie.

Die kerk is nie instituut en/of organisme nie. Die kerk is dinamies organisme waarin die instellinge of institusionele aspek (1 Kor 12 : 28, Ef 4 : 11v) aan die organisme die vorm van 'n ordelike liggaam gee (1 Kor. 12). Inhoud en vorm kan juis kragtens die misterievolle wese van die kerk nooit geskei word nie (Küng 1973 : 5).

## Die institusionele aspek van die kerk

Die institusionele opset is nie soos in die geval van die 18de eeuse verenigingsreg in 'n wetlike of legalistiese konstitusie vir die societas geleë nie. Dit wortel primêr in die relasie tussen Christus wat die Hoof is en die gemeente wat die liggaam is. Die relasie kan ook as dié van Herder tot kudde, Here tot sy volk, Bruidegom tot sy bruid, omskryf word.

Uit hierdie vertrekpunt volg dat die kerk se gesagstruktuur Christokraties of teokraties is. Die wyse waarop Christus sy kerk versorg en regeer bring ons by die mees opvallende en wesenlike institusionele aspek, naamlik die feit dat Hy Hom van mense bedien aan wie hy 'n bepaalde amp of diensopdrag toevertrou, sonder dat Hy ophou om te regeer (1 Kor. 12 : 28; Ef 4 : 11v; NGB 31; Bevestigingsformuliere). Deur die bediening van die Woord in verskillende ampte vergader die Heilige Gees die kerk (gelowiges) rondom die Woord. Ef. 4 : 11—16 stel baie duidelik dat hierdie bedieninge gawes van God is met die oog op die opbou van elke gelowige wat sodoende die groei van die gemeente as geheel onder die Hoof Christus bevorder. Die gelowiges is derhalwe nie daar terwille van die kerk en die "kerk se taak" nie, maar die predikante, ouderlinge, diakens en *koinonia* wat die kerk is, moet die gelowiges, die Christene des te beter toerus om hulle dienswerk in relasie tot Christus na Bo, na binne en na buite uit te voer (Spoelstra 1984b : 27).

Die Vroeë Christendom, Roomse hiërargie, Luther en Calvyn aanvaar die amp as die institusionele aspek van die kerk. Nadat Küng oor die kerk as volk van God gehandel het, beskryf hy slegs die 'offices' waar die institusionele ter sprake kom. Die Dordtse Kerkorde van 1619 handel ook eerste oor die *dienste* soos Calvyn in sy Institusie (IV.3.1. vv). Die tweede deel handel glad nie oor die institueriag of *stigting van 'n kerk* nie, dog slegs oor die institueriag van 'n kerkraad (Pont 1981 : 180 art 37—39). Dit vertoon dus konsekwent die bedieningsentriese opset van die kerklike instellings.

Rome sal beweer dat die biskoplike diens monargaal en mundiaal reik, terwyl Luther dit landelik en Calvyn dit tot die plaaslike gemeente sal beperk. Die pous sal beweer dat hy op sterkte van sy amp deur die Heilige Gees gelei word om onfeilbaar *ex cathedra* God se wil aan die gelowiges deur te gee. Luther en Calvyn sal die beginsel van *sola Scriptura* (art 7 NGB) op die ampsdiens van opsieners aanlê. Die diens is slegs 'n *diakonia* wanneer dit die Woord laat deurkom in prediking, kategese en pastoraat.

Na analogie van Handelinge 15 en op sterkte van hulle eenheid in die liggaam van Christus kan die kerkdienaars met die oog op die opbou en welsyn van die gemeentes in vergaderings saamkom. Dit vorm geen nuwe kerk of dimensie van kerkwees nie en geskied nie om die liggaam van Christus te realiseer of om ekumenisiteit te demonstreer nie. Die gesag van dergelike byeenkomste rus derhalwe ook nie op die idee van 'n super-kerkstruktuur nie, maar op die kwaliteit van die besluite wat aan die Woord getoets word (Calvyn Institusie IV 9. 8; 10. 1,7). Of die Woord uit die mond van een of uit die besluit van duisend kom, dit bly dieselfde Woord van God.

Die handelinge in konsilies, sinodes, kerkrade moet gevolglik altyd dien om die saamglo, saamwerk en saamlewe van al die gelowiges onder die tug van die Woord te bevorder (art 32 NGB).

Indien die gelowiges hierdie roeping in hulle kerk-wees delegeer na kerklik-sinodale amptenare, burokrasië of kommissies stol die aktiwiteit van die gelowiges in die aktiwiteit van geïnstitusionaliseerde strukture (Spoelstra 1980 : 3v). Dit is die proses van institusionalisering waardeur energie wat die taak moes verrig vir die instandhouding van die agent vir die taak gebruik word. Gevolglik stol die dinamiese roeping van die gelowiges om self sout en lig te wees en goeie werke te doen wat die Vader in die hemel verheerlik (Matt. 5).

Tot in die 16de eeu beheers 'n ministeriële, diakonologiese of bedieningsentriese uitgangspunt die institusionele aspek van die kerk. Dit gaan oor ampte en nie die struktuur "kerk" nie. In die bedieninge vir en in die kerk: die Hoof vergader, beskerm, onderhou, bou en regeer Christus self sy volk (Heid. Kat S 21, NGB 31, 32). Die Reformasie en Rome verskil net radikaal oor hoe dit gebeur.

## Verskuiwing van die ministeriële (dinamiese) na 'n statiese kerkbegrip

Die sekulêre wêreld het sy stempel deurlopend op die verstaan van die kerk in die wêreld afgedruk. Reeds teen die vierde eeu lyk dit anders as in die eerste eeu. "Christianity had become in many striking ways a mirror-image of the empire itself. It was catholic, universal, ecumenical, orderly, international, multiracial, and increasingly legalistic. It was administered by a professional class of literates who in some functions as bureaucrats and its bishops, like imperial governors, legates or prefects, had wide powers to interpret law. It was becoming *Doppelgänger* of the empire" (Johnson 1984 : 76). Die Romeinse Ryk het gestrek so ver die keiser regeer. So val die kerk saam met die gesagsfeer van die pous (ubi papa ibi ecclessia). Rome ken nie die kerk as 'n formeel omlynde objektiewe instituut nie.

Die Reformatore loods ook geen teen-kerkstruktuur teen Rome nie, maar probeer slegs om die Roomse bedieninge te suiwer. Hulle wil prediking, dogma, sakramente en dissipline bind aan die beginsel van *sola Scriptura*. Hulle val nie op die kerk aan nie maar die pousdom en sy misleiding van die volk van God (die kerk). Sodra monnike en priesters aan die *sola Scriptura* beginsel gehoor gee, gaan hulle as gereformeerde voorgangers onder dieselfde kerkvolk as van te vore met hulle bediening voort. Hoe sterk Calvyn pousdom en kerk onderskei blyk uit sy verklaring dat daar nog ware kerke onder die valse tirannie van die pousdom deur die toedoen van die Here aanwesig is (Institusie IV.2.12).

Luther neem die priesterskap van die gelowiges as uitgangspunt. Hulle leef deur die geloof onder die direkte heerskappy van God se Woord en Gees. Met sy twee-ryke leer val die ware kerk onder direkte sorg van God. Nietemin moet die Woord wat die geloof werk in die aardse regime gepreek word. Die sigbare institusionele aspek van die kerk, die voorsiening van predikers en tot 'n sekere mate

die beheer oor hulle, kom die vors van die land wat die Here gebruik toe. Hierdie dualisme van Luther, wat tot op sekere hoogte die institusionele aspek van die kerk gesekulariseer het, het die weg gebaan vir die Rasionalisme om die idee van nasionale volks- of staatskerke in die lewe te roep en so regstreeks gelei tot die kollegialistiese kerkbegrip (De Wet 1921 : 22—25).

Daarteenoor was Calvyn se beskouing van die kerk nie institusioneel nie maar pneumaties bepaal, sonder enige spoor van "weltliches Recht, keine juristisch zwingende Gemeinschaftsordnung" (Bohatec 1961 : 570 ev), terwyl hy as regsgeleerde 'n uitnemende "konstitusie" vir die kerk kon ontwerp het (Spoelstra 1982b : 240). Destyds was die begrippe kerk en owerheid konkreet verbind aan die persoon wat geroep was om die diens te verrig. Eers later, veral gedurende die 18de eeu, distilleer die Rasionalisme die abstrakte strukturele begrippe van "kerk" en "staat" (Murray 1976 : 9 ev). Dit veroorsaak 'n geweldige verandering in kerkbegrip onder neocalviniste.

Vir Calvyn is die kerk 'n pneumatiese organisme omdat God in 'n gevalle wêreld orde skep wat die wese van die kerk bepaal "because order is what God wills (ordinatio) and through his Holy Spirit effects . . . Wherever the ordinatio and Spiritus Dei are correlated, there is order; where the Spirit works apart from the ordinatio Dei there is the extraordinary" en waar die Gees afwesig is, volg "confusion and disorder" (Milner 1970 : 44). Vir Calvyn kan die kerk eenvoudig nooit "be made to equal static outward membership of an institution" (Milner 1970 : 180). Nie "lidmaatwees" nie, maar "gelowige-wees" staan vir Calvyn voorop.

Die kerk is nie 'n vaste "ding" waarby jy kan aansluit of uit bedank nie, maar 'n voortdurende gebeure wat deur geloofsaktiwiteit realiseer word. "The church (order) must always be understood, therefore, as existing in the movement from the believer to the Word which occurs in the leading of the Spirit through ordained means. As movement of the Spirit the church cannot be regarded as a static fixed entity, even if it has a certain stability and continuity as a movement of the Spirit through ordained means" (Milner 1970 : 192).

Lynreg teenoor hierdie dinamiese reformatoriese ekklesiologie het 'n totaal ander formeel en struktureel bepaalde ekklesiologie uit die Aufklährung na vore gekom, "which basing itself on natural law, saw the Church from a juridical viewpoint as a *societas* having specific rights and obligations" (Küng 1973 : 11).

Kragtens dié heidense Romeinse reg word die kerk as 'n *collegia licita,* een van baie verenigings, beskou (Kuyper 1883 : 51). Iemand soos Kuyper wou met alle mag van die beskouing wegkom, maar selfs sy "Tractaat" (vgl. 1883 : 84 ev) verraai hoe sterk hy self die proses van "kerkformatien" op model van die verenigingsreg as uitgangspunt neem. *'n Nuwe kerksentriese benadering het die bedieningsentriese benadering van die kerklike instellings verplaas.*

Die rasionalistiese begrip (of idee) van die "kerk" as sentrale *societas* of genootskap van gemeentes (kerkverband) kragtens sy

konstitusie het aan die Kaap met die Kerkorde van De Mist 1804 onbestrede sy intog gehou. In Nederland het die Algemene Reglement van Koning Willem I dieselfde beslag in 1816 gegee. Hierdeur het die "kerk" as sentrale vereniging of strukturele liggaam simbool van kerkeenheid geword. Die kerklike bedieninge of dienste is selfs aan die sentrale "bestuur" toevertrou sodat die *kerk* nou die bedieninge struktureer en die bedieninge nie primêr die kerk vergader nie (vgl Rom 10). Daarmee het 'n strukturele kerkbegrip die ministeriële uitgangspunt verplaas. Omdat "ampte" nou aan die kerk behoort, word gevra dat "besture" dit byvoorbeeld vir vroue moet oopstel.

## Kerksentrisme en die ekumene

Bepaalde faktore het die kerklike ekumeniese beweging in die 20ste eeu ook weer in baie opsigte Doppelgänger van die imperialisme, internasionalisme, sosialisme en ander strominge gemaak. Bewegings soos die Volkebond en VVO het 'n model daargestel. Die ontstaan van die Wêreldraad van Kerke wortel in die parakerklike verenings wat internasionaal en interdenominasioneel met die "social gospel" erns gemaak het, in die internasionale Sendingkonferensies (Sauerzapf 1975 : 12—54) asook in die liberale idee van Christendom bo geloofsverdeeldheid. Die WARC het teen die einde van die vorige eeu ontstaan, maar nie van die grond gekom nie. Selfs die kleiner GES is in 'n sekere sin dubbelganger van die politieke, kerklike en godsdienstige strewes na strukturele eenheid.

Die aksent wat die kerk as struktuur vanaf die 18de eeu gekry het, moes noodwendig die ideaal van een ekumeniese "liggaam" na vore bring. Aan die liggaam van Christus is slegs die formele prinsipe van "eenheid van die kerk" ontleen. Dit word as imperatief struktureel en formeel vir kerk-wees voorgehou. Die geloofswerklikheid of dinamiese aspek van die kerk word selfs in die GES al meer links gelaat en kerklike verskeidenheid gedevalueer tot "sondige verdeeldheid". Die Rasionalisme het dus enerstyds met sy kerksentrisme vanaf die 19de eeu 'n ontstellende getal kerkbreuke en kerkformasies en andersyds in die 20ste eeu weer 'n strewe na stuktuureenheid tussen kerke tot gevolg gehad asof so 'n superstruktuur aan die liggaam van Christus weer geloofwaardigheid sou verleen.

Die argitek van die gesprek in die Interkerklike Kommissie oor vrae wat die "drie" Afrikaanse "Kerke" uitmekaar hou, prof W J Snyman, het tereg die eenheid van die liggaam van Christus as vertrekpunt geneem om tot die vergadering van gelowiges in die konkrete sigbare kerk (plaaslik) te kom (Snyman 1966: a, b). Daarvolgens is die kerk gelowige mense, primêr gebind deur geloof en nie deur organisasie nie. Wanneer hy egter oor "kerkverband" begin handel, verleen hy daaraan nie die betekenis van geloof wat verband lê nie ,maar onbewus gee hy aan "kerkverband" 'n formele, strukturele en funksionele betekenis wat "uit die wese van die kerk as liggaam van Christus" voorvloei (1966 c). Hy trek die lyn van kerkvergaderings, oor interkerklike gesprekke deur na ekumeniese liggame soos die GES of WRK (1966 d,e).

Hoe die eenheid in die liggaam van Christus, wat volkome vertrekpunt was vir die konkretisering van die liggaam van Christus in die ekklesia, plotseling weer doelpunt van organisatoriese eenheid word, is nie duidelik nie. Dit gebeur skynbaar wanneer die begrip "kerk as mense" met die abstrakte begrip van "kerk as instituut" of struktuur verwissel (Spoelstra 1982 a : 16 ev).

Opmerklik genoeg staan verteenwoordigers uit NGK en GKSA in die interkerklike samesprekings die imperatief van strukturele kerkvereniging (sinodale?) voor, terwyl die NHKvA basiese eenheid van geloof as konkrete eenheid aanvaar en om bepaalde redes verskeidenheid van strukture voorbehou. In al drie standpunte oorheers waarskynlik 'n formeel kerksentriese beginsel.

Die vraag is of die inter-"kerk"like gesprek die dinamiese wese van die kerk as geloofsgemeenskap wat om 'n bepaalde bediening vra, sterk genoeg in die oog hou. Dit is opmerklik dat Luther se kerkbegrip "helderheid en eensgesindheid oor die waarheid van die evangelie" as die kern van ekumenisiteit uitwys en lynreg teenoor 'n strewe na 'n ekumeniese "oordak" staan (Van Scharrel 1983 : 12; Spoelstra 1983 : 34 ev).

Die strewe na strukturele kerkeenheid neem waarskynlik nie die werklikheid van verskeidenheid genoeg in ag nie (Spoelstra 1982 a: 21). Dit is opmerklik dat "sinodales" in Nederland tans al baie ernstig pleit dat verskeidenheid selfs op plaaslike vlak erken moet word omdat katolisiteit nie sinoniem met eenvormigheid is nie en eenvormigheid die kerk steriel en staties maak (Vlijm 1981 : 55, 63—8). As dit op plaaslike vlak waar is, geld dit nie ook vir die saamkom van kerke met die oog op kerkregering in kerkvergaderings nie?

Onder die Maories in Nu Seeland en binne die CRC van die VSA, waar eenheid van "kerk" in dieselfde vergadering konkreet moontlik is, tree die behoefte aan eie gemeentes en afsonderlike klassisse na vore. Die konkrete verskeidenheid word nie deur die abstrakte begrip van "een denominasie" opgehef nie. Binne 'n homogene bevolking mag, byvoorbeeld, sommige dialoog by prediking, ligter melodieë met khitaarbegeleiding, kinderdoop met onderdompeling, handeklap verkies terwyl hulle hulle geloof suiwer Bybels en reformatories beleef. Ander, weer eens by wyse van voorbeeld, waarby ek myself sou skaar, mag weer ons rustige statige erediens in Geneefse vorm, liturgie en melodie verkies. Indien hierdeur afsonderlike gemeentevorming ter sprake sou kom, op watter grond kan uitgemaak word dat hier slegs een gemeente mag bestaan en watter bedieningsvorm die legitieme kerk van Christus moet aanneem? Kan die eise van een koninkryk (heerskappy) van God en merktekens van een ware kerk nie 'n verskeidenheid van meer as een bedieningsvorm en kerkvorm wettig en verdra nie?

Kerksentrisme, formele struktuurdwang en kerklike eenvormigheid wat soms selfs tot kleredrag reik, laat die dinamiese kerk as vergadering van gelowiges in statiese strukture stol. Die institusionele "kerk" verplaas die mense wat die kerk moes wees.

Waarskynlik dra die "verdeeldheid" in "drie" Afrikaanse Ker-

ke (genootskappe?) in hom die sonde van eie instituutverabsolutering en kerkisme — maar om dit op sterkte van 'n strukturele eenheidsnorm sito-sito as "sonde" te bestempel, kan bevraagteken word (Spoelstra 1982 a : 21). In die Bybel dui sonde tog op mis van die doel, wetteloosheid of ongehoorsaamheid by 'n mens. Kan sonde bloot in 'n strukturele opset skuil? Berus die afleiding nie op die kerksentrisme van die laaste twee eeue nie?

Wie egter let op die dinamiese beweging van lewende mense na die Woord onder leiding van die Heilige Gees deur middel van die verordineerde ampsdienste, sal die een kerk van Christus nog op aarde te midde van groot menslike verskeidenhede waarneem.

Die kerkvraag as struktuurvraag in die 20ste eeu moet waarskynlik teruggedwing word deur die koninkryksvraag, naamlik na die aard, omvang, kwaliteit en gevolge wat God se koningsheerskappy deur middel van die bediening van sy Woord deur ingestelde ampsdienste vandag onder mense wat "kerk" genoem word, het.

*Vgl. Hervormde Teologiese Studies Jg. 42 Afl. 1 Maart 1986.*

## Verwysings:


Bohatec J 1961: Calvins Lehre von Staat und Kirche. Breslau.

Coetzee J C 1965: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. RGN nr. 18.

De Wet C J H 1921: Die Kollegiale Kerkreg. Amsterdam.

Heyns J A 1977: Die Kerk. Pretoria.

Hutchison J, Pfeiff M: Renaissance of a proud People — The Maori **Reader's Digest** February 1986 blss 81—85

Johnson P 1984: A History of Christianity. Penguin Books.

Kleynhans E P J 1985: Gereformeerde Kerkreg. Deel 3. Pretoria.

Küng Hans 1973: The Church. 5de Druk. London.

Kuyper A 1883: Tractaat van de Reformatie der Kerken. Amsterdam.
s.a. Dictaten Dogmatiek. Locus de Ecclesia. 2de Druk Kampen.

Milner B C 1970: Calvin's doctrine of the Church. Leiden.

Murray A H 1976: Die post St Bartholomeusnagliteratuur en die plurale tradisie in SA staatsinstellings en Protestantse Kerke. **In die Skriflig** Jg 10 nr 93. September 1976.

Nauta D 1971: Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen.

Pont A D 1964 Oor die Kerkwet van 1862. **Herv Teol Studies** Jg. 19.
1981: Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg. Pretoria.
1982: Die betekenis van meerdere vergaderinge tov hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. **Herv Teol Studies** Jg 38 af 1, 2, 3

Ridderbos H 1950: De Komst van Het Koninkryk, Kampen.

Sauerzapf R 1975: Die Säkularisierung der Genfer Ökumene. Ongepubliseerde Proefskrif UP.

Snyman W J 1966 a: Die Kerk en sy Ekumeniese roeping. Universele en plaaslike kerk. **Die Kerkblad** 13.7.1966.
b: Ibid **Die Kerkblad** 20.7.1966.

c: Die kerk en sy Ekumeniese roeping. Oor kerkverband **Die Kerkblad** 27.7.1966.
d: Die Kerk en sy Ekumeniese roeping. Ekumenisiteit en eenheid. **Die Kerkblad** 3.8 1966.
e: Die Kerk en sy Ekumeniese roeping. Kerk, Taal en volk. **Die Kerkblad** 10 8.1966.
1977: Nuwe en Ou Dinge. RGN nr 56.

Spoelstra B 1978: Calvyn en die grense van die kerk. **In die Skriflig** Jg 12 nr 45 Maart 1978.
1980: Die beginsel in Art 30 KO. **In die Skriflig** Jg 14 nr 55 September 1980.
1982 a: 'Denominationalism' with reference to the 'three' Afrikaans Churches? W S Vorster (ed), **Denominationalism — its sources and implications** UNISA.
1982 b: Calvin's canon law and influence on churches in South Africa. **Calvinus Reformator. His contribution to theology, church and society.** PU vir CHO.
1982 c: Paul Kruger as lid van die Nederduitch Hervormde Kerk 1853—1859. **Die Kerk in die wêreld, 'n bundel opstelle.** Pretoria.
1983: Diskussie. **In die Skriflig** Jg 17 nr 68. Desember 1983.
1984: 125 jaar na Rustenburg 11 Februarie 1859. **In die Skriflig** jg 18 nr 69 Maart 1984.
1984 b: Gereformeerde kerkbegrip en kerklidmaatskap. **In die Skriflig** Jg 18 nr 70 Julie 1984.
1984 c. Die invloed van Calvyn op die geldende Kerkordes in Suid-Afrika 1652—1983. **In die Skriflig.** Jg 18 nr 72 Desember 1984.

Van Scharrel B F 1983: Wat hoop en verwag ons van die Lutheranisme? **Woord en Daad** November 1983.

Van Wyk J H 1968; Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? **In die Skriflig** Jg 2 nr 7 Augustus/September 1968.

Vlijm J M 1982: Zamen erfgenamen. Kiezen én delen. Een plurale gemeente. Kampen.